Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

11 Desember 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. PERSONEEL

Die Hoërskool Wonderboom groet aan die einde van die jaar die volgende personeel, wie departementele poste by ander skole aanvaar het. Ons bedank hul vir hul harde werk en toegewydheid tydens hul onderrigtyd hier in Wonnie-land:

1. Mnr. D Hanafey
2. Mnr. C Fourie
3. Me. E van der Linde

2. FINALE RAPPORTE

Finale rapporte word op **15 Desember om 8:00-10:00**, in voogklasse, aan leerders uitgegee word. **Graad 8-9 leerders** kan hul rapporte vanaf **7:00-8:30** ontvang, terwyl **graad 10-11 leerders** hul rapporte vanaf **8:30-10:00** kan kom afhaal. Ten einde jou rapport dadelik te ontvang, maak asb. seker dat al jou handboeke ingehandig is. As handboeke uitstaande is, gaan ons vra dat jy dit gou gaan haal om in te gee.

Op 15 Desember sal leerders in hul voogklas ook kan aandui of hul, hul sluitkaste wil behou vir 2021 (Dit is slegs vir leerders wat nog nie hul sluitkaste hernu het nie.)

3. SLAAGVEREISTES

Alhoewel die kurrikulum in vakke van graad 8-11 aangepas is, het die slaagvereistes nie verander nie. Let asseblief daarop dat die slaagvereistes onderaan u kind se rapport gedruk word én indien die leerder nie slaag nie, word die rede ook onderaan aangedui. Indien u kind, soos deur die Departementele riglyne voorgeskryf is, hulp in 'n vak ontvang het, sal daar 'n * langs die spesifieke vak aangedui word. Sommige leerders in Graad 8-9 se Wiskunde-punte is ook gekondoneer – Dit sal met 'n "C" langs die punt aangedui word.

Die slaagvereistes is soos volg:

GRAAD 8-9		GRAAD 10-11	
Afrikaans Huistaal	50%	Afrikaans Huistaal	40%
English FAL	40%	Nog TWEE vakke	40%
Wiskunde	40%	Nog DRIE vakke	30%
Nog DRIE vakke	40%		
Nog TWEE vakke	30%		

Die Hoërskool Wonderboom

4. VAKVERANDERING: GR10- EN 11-LEERDERS

Graad 10: Leerders wat tans in Graad 10 is en vakke vir Graad 11 (2021) wil verander, kan die nodige vorms by me. Strydom kry.
Graad 11: Graad 11-leerders kan met spesiale toestemming aansoek doen om EEN vak vir graad 12 te verander. Die Departement het egter duidelik gestel dat swak prestasie nie as rede vir vakverandering aanvaar sal word nie. Daarom is daar verskeie motiveringsbriewe wat hierdie aansoek moet vergesel. Dié vorms kan ook by me. Strydom afgehaal word.

5. HANTERING VAN SKOOL IN 2021

Soos u seker in die nuus gehoor het, beleef Suid-Afrika tans weer 'n oplewing in Covid-19 gevalle. Die Departement van Onderwys het dus besluit dat skole steeds volgens die status quo moet werk. Ten einde die skool te bestuur, word daar beplan om grade per dag skool toe te bring. Dit beteken dat die skool op **27 Januarie** sal begin met **graad 8, graad 10 en graad 12**. Op **28 Januarie** sal **graad 9-, graad 11- én graad 12**-leerders dus skool begin bywoon**.**
Alle leerders gaan voortaan die sporthek gebruik om toegang tot die skool te kry. Geen leerder (ook nie graad 12-leerders nie) sal by die boonste hek toegang tot die skool kry nie. Leerders in graad 8-11 woon dus, volgens hul graad, elke tweede dag skool by, terwyl graad 12-leerders daagliks skool bywoon. Indien enige van die beplanning verander, sal u dadelik in kennis gestel word.

6. NUWE BANKBESONDERHEDE

Die skool verskuif in Januarie 2021 na FNB-Bank. Alle betalings moet dus voortaan gedoen word volgens die volgende bankbesonderhede:
Bank: FNB
Tjekrekening: 62877816789
Takkode: 250655

7. GHOLFDAG 2021

Die skool beplan in 2021 'n gholfdag. Lees gerus al die inligting hieronder en kontak mnr. Schmahl of mnr. Janse van Rensburg vir meer inligting.

Wonnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF



DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

GHOLFDAG

5 MAART 2021, AKASIA GHOLFBAAN

rugby@wonnies.co.za , carl@wonnies.co.za

Die Hoërskool Wonderboom
Gholfdag 2021
"BETTER-BALL, SCRAMBLE DRIVE"
"TWO SCORES TO COUNT"
PER SPELER ALLEEN
R400
Sluit 18 gate en 'n aandete in.
VIER-BAL
R1600
Sluit 4 spelers se kostes en 'n aandete in.
PUTJIEBORG
R3500
Sluit 'n 4-bal plus 'n ete en 'n uistalling by 'n bof in.
GHOLFKARRETJIES
Moet self bespreek word by Akasia Gholfbaan 012 542 1309
KONTAK ONS GERUS!
083 290 6400 (Mnr. C. Schmahl)
084 018 9999 (Mnr. W. Jansen van Rensburg)
carl@wonnies.co.za - rugby@wonnies.co.za